Sanlam

# Regulasie 28

Kliënte met bestaande Sanlam Lewens Uittreeannuïteite (UA) (universele-lewens en ander ouergenerasie, Stratus, Cumulus, Cobalt vir Professionele Persone of Topaz) kan nou omskakel na Cumulus Echo, Sanlam se nuutste baie suksesvolle en buitegewone waarde-vir-geld-UA. So ʼn omskakeling is die beste manier om aanpasbaarheid en keuse by u aftreeplan te voeg en is baie meer doeltreffend en goedkoper as ʼn oordrag van u voordele na ʼn ander uittreeannuïteitsfonds.

## Wat is Regulasie 28?

Regulasie 28 is uitgereik kragtens die Wet op Pensioenfondse. Dit beperk die mate waartoe aftreefondse mag belê in spesifieke bates of bateklasse.

Die hoofdoel is om aftreefonds-lede se aftreevoorsiening te beskerm teen die gevolge van swak gediversifiseerde beleggingsportefeuljes. Dit word gedoen deur die maksimum blootstelling aan meer riskante bateklasse te beperk, sodat onnodige risiko's nie met aftreefondse geneem word nie. Dit speel ʼn belangrike rol om te verseker dat lede se aftreevoorsiening voldoende inkomste in hulle goue jare voorsien.

## Wat het verander?

Aftreefondse wat lewensversekeringspolisse as enigste bate gebruik, is voorheen vrygestel van Regulasie 28. Dit het verander met die nuwe Regulasie 28 wat in 2011 in die Staatskoerant gepubliseer is.

Die nuwe Regulasie 28 bepaal dat die aftreefonds as ʼn geheel moet voldoen, en dat aftreefonds-produkte (d.w.s. individuele uittree-annuïteite, bewarings- en voorsorgfondsprodukte) ook op individuele plan vlak moet voldoen. Lewensversekeraars en kollektiewe beleggings (effektetrust) maatskappye moet daarom verseker dat individuele beleggings in enige aftreefondsproduk voldoen aan die Regulasie 28-limiete. Kortom is die limiete as volg:

| Bateklas | Maksimum blootstelling |
|---|---|
| Aandele (genoteerde eiendom uitgesluit) | 75% |
| Buitelandse bates | 30%* |
| Genoteerde eiendom | 25% |
| Kommoditeite | 10% |
| Verskansingsfondse | 10% |
| Bankskuld | 75% |
| Staatskuld | 100% |
| Kontant | 100% |

* Soos van tyd tot tyd voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank

Beleggingsportefeuljes, en die persentasie van die bydrae wat aan die onderskeie gekose beleggingsfondse toegedeel word, moet so gekies word dat die totale aftreefondsplan binne hierdie limiete bly.

Om aan die limiete te voldoen, neem Sanlam net die aandele (genoteerde eiendom uitgesluit), buitelandse bates, genoteerde eiendom en verskansingsfondse bateklasse in ag. Die beleggingsmandaat van beleggingsfondse is sodanig dat die ander limiete nie oorskry sal word nie. Vir elke beleggingfonds word die maksimum blootstelling aan elke bateklas volgens sy beleggingsmandaat gespesifiseer.

## Hoe raak dit my aftreefonds planne?

As u 'n bestaande aftreefonds plan het wat voor 1 April 2011 uitgereik is, word u nie geraak deur die nuwe bateklas-limiete nie, mits u geen wysigings aan die plan maak nie. As u egter enige van die volgende wysigings maak, moet u plan daarna te alle tye aan die limiete voldoen:

- Ad hoc herhalende bydraeverhogings, uitgesluit verhogings as gevolg van bestaande kontraktuele bydraegroei
- Ad hoc eenmalige bydrae byvoegings
- Byvoeging van kontraktuele bydraegroei
- Omskakelings tussen beleggingsfondse
- Hertoewysings van toekomstige bydraes
- Bydrae frekwensie veranderinge
- Herinstelling van uittree-annuïteitplanne wat vir langer as 'n jaar volopbetaal was
- Omskakeling of voorsetting van ouer generasie planne.

Indien u 'n nuwe aftreefondsplan uitneem, moet dit voldoen aan die nuwe batelimiete. Die toets vir nakoming word op kwotasiedatum gedoen. Die plan moet ook daarna te alle tye aan die limiete voldoen.

## Hoe voldoen ek?

Indien Sanlam u inlig dat u aftreefondsplan aan die nuwe batelimiete moet voldoen, of indien u meer inligting benodig, kontak asseblief u finansiële adviseur vir hulp.